

Sing vooraf staande: Psalm 106:1, 2, 20 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.
- 20 Geloofd sy God! Sy bondsbestel, / sy goedheid heers in Israel.
Geloofd sy God in ewighede; / Hy, Isr'els Heer, is God alleen!
'n "Amen" klink uit ver verlede, / 'n "Amen" deur die hede heen!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde^{en} smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Skriflesing: Psalm 41 en 147; Heidelbergse Kategismus, Sondag 52:128 en 129

Kernvers: Psalm 41:14 en Psalm 147:1

**Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid!
Amen, ja amen. (Psalm 41:14 AFR53)**

**Loof die HERE, want dit is goed om onse God te besing, ja lieflik; 'n
loflied is gepas! (Psalm 147:1 AFR53)**

Heidelbergse Kategismus

Vraag 128 : Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Vraag 129: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.

Tema: Die afsluiting en einde van ons gebed – lof en versekering

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens met 'n gebed begin, is dit goed dat 'n mens beseft met wie 'n mens in die gebed gaan praat. Omdat ons met die heilige God in gesprek tree, is dit goed om te weet hoe jy God moet aanspreek en met watter gesindheid jy dit moet doen. Wanneer aan 'n mens oudiënsie met 'n koning verleen word, word jy vooraf onderrig sodat jy weet hoe jy die koning moet aanspreek, hoe jou liggaamshouding moet wees en allerhande klein goedjies. Christus leer ons hoe ons die gebed moet begin.

Ons moet God as **Ons Vader** aanroep, want met daardie woorde wek die Heilige Gees in ons **die kinderlike vrees en vertroue op God**. Dit openbaar ook die gesindheid waarmee ons tot God nader in gebed. Met hierdie eerste woorde word die basis van die gebed gelê waarop die gebed verder voortgebou word. Daarom is dit goed om te weet hoe om God aan te roep in gebed.

So belangrik as wat die begin van ons gebed is, net so belangrik is die slot van ons gebed. Ons is immers steeds met die heilige God in gesprek. Daarom kan ons nie net totsiens waai om met ons eie besige program van die dag besig te raak nie. 'n Mens sal tog nie sommer net jou rug op 'n menslike koning draai omdat jy dink die gesprek is nou klaar nie. Daar is steeds bepaalde dinge wat jy moet doen voordat jy van so 'n koning af weggaan.

Die einde van 'n gebed sê net so baie van ons gesindheid en van wat ons van die Here dink as wat die beginwoorde van 'n gebed sê. Jesus leer ons in die **Onse Vader** om die gebed met lofprysing en vertroue af te sluit.

Broers, susters en kinders, die lof, dank en eer wat ons God toebring sal nooit te veel of selfs oorbodig wees nie. Inteendeel, die Here het ons geskape sodat ons Hom met al ons gedagtes, woorde en werke sal verheerlik. Maar dit is nie net ons woorde en werke daar buite wat die Here moet verheerlik nie. Ook ons gebed – die belangrikste deel van ons dankbaarheid – moet die Here verheerlik.

Ons kan eintlik sê dat ons behoort te bid soos wat ons lewe – in nederige verering van ons God in die hemel. So het ons immers aan die begin gebid – **Laat u Naam geheilig word** – en nou eindig ons die gebed ook so op 'n hoë noot: **Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid**. Lof en aanbidding is twee duidelike elemente van 'n gebed.

Hierdie slotgedeelte van die gebed word ook 'n doksologie genoem. 'n Doksologie is 'n kort formule van lofprysing. Die twee psalms wat ons gelees het, het ook sulke lofprysings. Psalm 41 eindig daarmee:

Geloof sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid!
(Psalm 41:14 AFR53)

En Psalm 147 begin en eindig met 'n lofprysing. Die '53-vertaling het die woord *Halleluja!* wat 'n uitroep van lof is – Prys die HERE!

Psalm 147 is inderwaarheid die tweede deel van die vyfledige doksologie aan die einde van die psalms. Elkeen van die psalms van 146 tot 150 begin en eindig met die woord *Halleluja!* Hierdie vyf psalms is die *grand finale* van lofprysing. Dit is die *crescendo* van aanbidding. En wat 'n besondere manier om die psalms mee af te sluit. In die psalms is daar sulke uiteenlopende omstandighede van die gelowiges wat onder woorde gebring word. Daar is vreugde en dankbaarheid. Daar is stille vertrouwe. Maar daar is ook diep hartseer, vrees en skuldgevoelens en -belydenis.

Teen die tyd dat 'n mens by Psalm 150 kom, het 'n mens vele terreine van 'n mens se geloofslewe bewandel met so baie hoogtepunte en laagtepunte. Maar daar is een wat dwarsdeur dieselfde gebly het en dit is die HERE – Hy is getrou, Hy is liefde, Hy is regverdig, Hy is barmhartig. In elkeen van die psalms kom die gelowige telkens terug na die Here toe. Hy is altyd die toevlug en rots vir sy kinders. Hy is die sterke God wat sy vleuels oor sy kinders uitsprei om hulle te beskerm. Daarom is daar nie 'n beter manier om hierdie bundel van liedere af te sluit as met vyf liedere van lofprysing aan en aanbidding van God nie.

In die eerste vers van Psalm 147 word ons onderrig:

Loof die HERE, want dit is goed om onse God te besing, ja lieflik; 'n loflied is gepas! (Psalm 147:1 AFR53)

Net so is dit gepas om ons gebed met lofprysing af te sluit. Dit is goed om vir 'n oomblik terug te staan sodat al die aandag net op die Here val. Dit is Hy wat geloof en geprys moet word. Hy moet geëer en gedank word vir wie Hy is. Alle mense moet Hom erken as die grote en almagtige God, vol genade, trou en waarheid.

Dit is ook goed dat God so geprys moet word, want ons gedagtes kan tog so maklik tydens ons gesamentlike gebede begin dwaal. Ons gedagtes begin oor die sondes wat ons in gebed bely te dwaal, terwyl ons nog voortgaan om te bid. Of ons gedagtes neem die afdraai om te tob oor die dinge waarvoor ons die Here in die gebed gedank het – ons gesondheid, ons goeie betrekking by die werk. Daarom is dit nodig om in die gebed weer gefokus te raak op die Here oor wie dit eintlik gaan – en die doksologie aan die einde van die gebed doen juis dit.

Afgesien van ons gesamentlike gebede waar ons gedagtes maklik dwalend kan raak terwyl iemand anders voorgaan in gebed, gebeur dit dikwels dat ons persoonlike gebede so gerig raak op ons eie behoeftes en omstandighede. Tog is gebed daardie oomblik wat ons persoonlike gemeenskap met die heilige God het. Daarom moet ons heringestel word sodat die doel van ons gebed nie onself is nie, maar die Here. Die kollig moet op Hom gerig wees, want dit gaan nie oor ons nie, maar oor Hom.

Nou moet ons tog fyn oplet dat die lofprysing nie sommer net aan die einde van die gebed aangeplak word omdat ons die Here moet prys nie. Die lofprysing begin met die woord *want* wat tog die rede aandui waarom ons die Here loof. Ons lof aan die Here het alles te doen met die sake wat ons so pas in gebed van die Here gevra het.

Kyk hoe bely ons dit: **Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, mag oor alles het.** Ons loof die Here omdat ons erken dat Hy die majesteit en seggenskap het. Dit is in ooreenstemming met wat ons in Psalm 147 geleer word:

Hy bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name. Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig. (Psalm 147:4-5 AFR53)

Die grootheid van God moet ons vir onself oor en oor in herinnering roep. Omdat die Here belowe dat Hy ons gebede, alhoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van sy Seun Christus verhoor, kan dit gebeur dat ons voel ons kom in beheer, en as ons dan hier klaar gebid het, reken ons ons is reg vir die dag met al sy uitdagings en moeilikhede so asof die gebed maar net 'n ekstra versekering was vir hierdie dag. Wanneer ons so maak, vergeet ons die grootheid van God se krag.

Kyk net hoe almagtig is die Here:

Hy wat aan jou grondgebied vrede verskaf, wat jou versadig met die beste van die koring, wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord loop baie vinnig. Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as. Hy werp sy ys heen soos stukke – wie kan bestaan voor sy koue? Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy wind waai—die waters loop. (Psalm 147:14-18 AFR53)

God is volmaak in beheer van alles wat in sy skepping en in ons lewens gebeur. Daarom is dit geen wonder dat Jesus ons herinner dat ons sonder Hom niks kan doen nie (Joh 15:5). Ons is geheel en al hulpeloos sonder Hom. Ons het elke oomblik van elke dag sy seënende teenwoordigheid nodig. En die troosryke is dat Hy al hierdie dinge aan ons belowe. Hierdie is sy belofte in Christus aan jou en my:

Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop. (Psalm 147:11 AFR53)

Wanneer ons dan ons gebed met lofprijsing en aanbidding afsluit, lei die Heilige Gees ons om ons eie kleinheid en nietigheid weer te onthou en terselfdertyd te besef hoe groot en almagtig die Here God is vir wie ons aanbid.

Jesus leer ons ook om ons gebed met vertroue af te sluit met die woord *amen*. En ons bely dat die woord ***dit is waar en seker*** beteken. Maar soos met die woorde *dankie* en *jammer* beteken die woord *amen* ook nie veel as ons dit nie regtig bedoel nie. Jesus leer ons om die gebed met *amen* te eindig sodat ons al ons vertroue geheel en al net op ons Vader in die hemel sal stel.

Luister net hoe bely ons verder: ***Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.*** Daarmee sê ons dat ons gelowig gebid het. Om gelowig te bid beteken dat jy in jou hart ten volle oortuig is dat God jou gebed hoor en dat Hy beslis aan die sake waarvoor jy gebid het iets kan doen. Byvoorbeeld, ek weet baie sekerder dat God my gebed om vergifnis verhoor as wat ek in my hart besef dat ek vergifnis van my sondes nodig het. Amen – dit is waar en seker!

Psalm 41 eindig ook met hierdie uitroep van oortuiging en sekerheid. Eers is daar die lofprijsing:

Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid!

En dan volg die dubbele uitroep:

Amen, ja amen. (Psalm 41:14 AFR53)

Inderwaarheid is daar nog drie psalms wat so eindig, naamlik Psalm 72, 89 en 106. Hierdie uitroepe van versekering is ook merkers wat daarop wys dat die honderd en vyftig

psalms in vyf dele of boeke verdeel is. Dit is asof elke keer wanneer daar aan die einde van so 'n deel *amen* gesê word, daar met oortuiging bevestig word – wat daar nou van God gesê is, is die volle waarheid en niemand hoef ooit daarvoor te twyfel nie.

In sommige kerke het dit gebruik geword dat die lidmate tydens die preek of gebed uitroep *amen*. Vir ons in die Gereformeerde Kerk Bellville is dit vreemd, want dit is nie ons styl van doen nie. Maar omdat dit vir ons vreemd is, wil nie sê dat dit verkeerd is nie. In die boek Nehemia lees ons dat die gemeente in Jerusalem dit ook gedoen het. Esra het in die samekoms van die gemeente die wetboek van Moses ontvang om daaruit voor te lees. En hoor nou net:

En Esra het die boek oopgemaak voor die oë van die hele volk, want hy het bokant die hele volk gestaan; en toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan. En Esra het die HERE, die grote God, geloof, en die hele volk het geantwoord: Amen, amen! met opheffing van hulle hande; en hulle het hul gebuig en die HERE aanbid met die aangesig na die aarde toe.
(Nehemia 8:6-7 AFR53)

Wat beteken dit vir ons? Aangesien ons die kragtige werke van God elke dag in die skepping waarneem, ons Hom leer ken as die betroubare God en ons daagliks sy verlossende genade in Jesus Christus beleef en daaruit lewe, kan ons nie anders nie as om met vertroue en sekerheid ons gebed af te sluit nie. Ons gebede behoort nie wankelig en onseker te wees nie.

Tog moet ons in alle eerlikheid erken dat dit tog soms gebeur. Ons bid byvoorbeeld lank oor 'n saak, maar omdat ons haastig is en nie God se tyd verstaan nie, gee ons sommer op met die gebed omdat dit vir ons lyk asof God ons nie gehoor het nie. Ons bid vir die bekering van iemand wat afvallig geword het, maar ons dink by onself dat die persoon so ver afgedwaal het dat daar seker nie bekering sal kan kom nie.

Laat ons eerder onthou tot wie ons bid. Ons bid tot die almagtige God en Hy is ter wille van Jesus Christus ons Vader. Ons ken Hom as getrou en waar. Daarom kan ons met volle oortuiging bid – oortuig dat Hy die sieke gesond kan maak; oortuig dat Hy die sondes kan vergewe; en oortuig dat Hy die verlore nes kan red en die afgedwaaldes kan terugbring na Hom toe.

En hierdie oortuiging is nie iets wat ons onself maar net wysmaak nie. Hierdie oortuiging is gegrondves in wie Jesus Christus is en wat Hy gedoen het. Daarom het Paulus geskryf:

Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons. (2 Korintiërs 1:20 AFR53)

Wat God dus ook al aan ons belowe het, sal Hy doen ter wille van sy Seun Christus, want Hy is die God van waarheid. Daarom kan ons met volle oortuiging bid en eindig met: Amen, ja amen!

En noudat ons dit gehoor het, geliefdes, kan ons nie anders nie as om ons gebede met lof en prys en met vaste vertroue af te sluit. Dit is waar en seker. God is ons God en Jesus Christus is ons Verlosser. Geloof sy die God van Israel vir ewig en ewig!

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bevestiging van ouderling en diaken

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Psalm 103:10, 11 (p. 506)

- 10 God het sy stoel gebou bo lug en wolke, / van waar Hy heers as Koning van die volke,
as HEER van alles op die wêreldrond. / Loof, loof die HEER, o al sy leërmagte,
o eng'le, wat met will'ge heldekragte / die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!
- 11 Verhef die HEER, o al sy leërmagte, / sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!
Laat hemel, aarde en see en berg en dal, / waar ook sy septer swaai – laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe! / En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasie-opening

Psalm 128:1, 4 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 April 2015